

HOOFSTUK 4

'n EMPIRIESE ONDERSOEK RONDOM FINANSIËLE BEPLANNING AS BESTUURSTAAK VAN DIE HOOF VAN 'n PRIMÊRE SKOOL

1 Inleiding

Die empiriese ondersoek is onderneem deur onderhoude te voer met hoofde van Blanke primêre skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement. In die ondersoek is onderhoude met 27 hoofde van skole gevoer.

2 Die doel van die ondersoek

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om te bepaal:

- * watter persentasie van hoofde van Blanke primêre skole opgelei is in onderwysbestuur;
- * of daar 'n behoefte aan opleiding in onderwysbestuur bestaan;
- * of opleiding in finansiële onderwysbeplanning 'n plek in die onderwys het;
- * op watter wyse die beplanning van 'n skool se skoolfonds gedoen word;
- * watter prominensie finansiële beplanning onder die bestuurstake van die skoolhoof geniet;
- * in hoeverre die ouergemeenskap betrokke is by finansiële onderwysbeplanning.
- * om die verband tussen die onderwysbeleid en die praktiese

uitvoering daarvan met betrekking tot finansies vas te stel.

3 Die teiken

In hierdie ondersoek is onderhoude gevoer met 27 hoofde van Blanke primêre skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement.

4 Die vraelys

4.1 Die gestruktureerde vraelys as middel om data te versamel.

Daar is besluit om onderhoude met 'n gestruktureerde vraelys te voer om die volgende redes:

- * tydens onderhoude kon gesprek gevoer word met die vraelys as hulpmiddel om onduidelikhede uit die weg te ruim;

- * aangesien slegs 27 skole in die ondersoek betrek is, het die onderhoude relatief min tyd in beslag geneem;

- * daar kan, anders as in die geval van vraelyste wat per pos gestuur is, 100% respondering wees;

- * instruksies in verband met die vraelys kan mondeling gegee word en

- * die administrering van hierdie soort vraelys is makliker as die van 'n ongestruktureerde vraelys.

4.2 Administrering van die vraelys

'n Toestemmingsbrief om onderhoude te voer, is op my versoek (kyk bylae 3) van die Direkteur van Onderwys van Transvaal verkry (kyk bylae 4).

Bondige instruksies in Afrikaans en Engels is aan die hoofde gegee met betrekking tot die vraelys [kyk bylaes 5(a) en 5(b)], en daarna is die vraelys in beide tale aangebied [kyk bylaes 6(a) en 6(b)]. Dit bestaan uit 5 afdelings:

- * Afdeling A - Persoonlike gegewens (vrae 1 - 11)
- * Afdeling B - Gegewens m.b.t. die skoolfonds (vrae 12 - 20).
- * Afdeling C - Vrae m.b.t. opleiding in finansiële onderwysbestuur (vrae 21 - 31)
- * Afdeling D - Die hoof se beplanningstaak t.o.v. die skoolfonds (vrae 32 - 39).
- * Afdeling E - Persone en instansies betrokke by die beplanning van skoolfonds (vrae 40 - 50).

5 Weergawe van die data

Nadat onderhoude met hoofde van Blanke primêre skole gevoer is, is die gegewens verwerk (kyk bylae 7). Daaruit is 'n aantal afleidings gemaak.

5.1 Afdeling A - persoonlike gegewens

Vrae 1 tot 11 was daarop gerig om inligting te bekom met betrekking tot die hoof ten opsigte van ervaring en opleiding.

Die meerderheid van die hoofde (63,0%) het tussen 21 en 30 jaar onderwyservaring (kyk vraag 1). In die lig van die verantwoordelike posisie wat hoofde bekleed, is dit betekenisvol in die sin dat ervare

persone in beheer van sake is. Die feit dat 92,6% van die hoofde in permanente hoedanigheid die pos beklee (kyk vraag 2), waarvan 51,9% vanaf die pos van adjunk-hoof na hoof bevorder is (kyk vraag 3), gee 'n aanduiding van 'n stabiele topstruktuur in die onderwys en dui ook verder aan dat 'n beduidende aantal hoofde ruim geleentheid gebied is om deur indiensopleiding ervaring op te doen in sommige komponente van onderwysbestuur.

Uit vraag 4 word afgelei dat die meeste hoofde wat in die onderhoude betrek is (59,3%) tussen 4 en 8 jaar as hoof dien, en dat slegs 7,4% meer as 21 jaar 'n hoofpos beklee. Die grootste persentasie hoofde was dus aktief in die praktyk betrokke terwyl groot verwickelinge op onderwysgebied aan die orde van die dag was. Hier kan verwys word na ontwikkeling veral op tegnologiese gebied, wat nuwe eise aan die onderwys as geheel stel, maar in die besonder aan die hoof van 'n skool. Die hoofde het dus deel gehad aan die nuwe tendense.

Professionele opleiding van die hoofde (kyk vraag 5) is grootliks gerig op die tipe skool waar die hoofde dien. Slegs 25,9% van die hoofde het opleiding ontvang wat gerig is op die sekondêre skool. Die opleiding wat ontvang is, sluit in die meerderheid gevalle (85,2%) nie rekeningkundige vakke in nie (kyk vraag 6), wat die indruk versterk dat professionele opleiding gerig is op die klaskamerpraktyk. Uit vraag 7 blyk dit dat 81,5% van die hoofde geen verdere diploma verwerf het nie. Die 18,5% wat wel oor 'n verdere onderwysdiploma beskik, het studeer in studierigtings soos Jeugweerbaarheid en ander wat nie onderwysbestuur as komponent bevat nie.

Wat voorgraadse opleiding betref (vraag 8), het 3,7% van die hoofde 'n ekonomiese studierigting verkies, 48,1% het die geesteswetenskappe bestudeer, en 48,1% het geen akademiese kwalifikasies verwerf nie. Van die hoofde wat wel akademiese kwalifikasies verwerf het, het slegs 35,7% rekeningkundige vakke gevolg (kyk vraag 9). Die grootste

persentasie van die hoofde wat ondervra is, het dus geen rekeningkundige agtergrond wat tot hulp kan wees in die hantering van 'n skool se finansies nie. Uit vraag 10 blyk dit dat 77,8% van die hoofde oor geen nagraadse opleiding beskik nie, en dat slegs 3,7% oor nagraadse opleiding in Onderwysbestuur beskik (kyk vraag 11). Hieruit kan tot die slotsom gekom word dat die grootste persentasie hoofde slegs op grond van kennis in die praktyk opgedoen, 'n skool bestuur.

Samevattend by afdeling A

* Hoofde wat in die ondersoek betrek is, het almal meer as 16 jaar ervaring in die onderwys en gemiddeld meer as vier jaar ondervinding as hoof, wat beteken dat met gesag oor onderwysbestuur geredeneer kan word.

* Die meerderheid van die hoofde is uit poste van adjunk-hoof na hoof bevorder, wat 'n agtergrond in bestuur impliseer.

* Hoofde van primêre skole beskik aanvanklik slegs oor professionele opleiding, maar enkele hoofde het akademiese kwalifikasies verwerf.

* Opleiding (professioneel en akademies) is nie op die bestuurspos toegespits nie, en finansiële bestuur was nie 'n oorweging nie.

5.2 Afdeling B - Gegewens met betrekking tot skoolfonds

Die skole wat by die onderhoude betrek is, wissel van PIII- na PI-skole, waarvan die grootste persentasie (48,1%) as PI-skole gegradeer is (vraag 12). Die meeste skole se leerlingtal wissel van 351

tot 750 leerlinge, terwyl 11,1% van die skole 'n leerlingtal van meer as 750 het (vraag 13). Uit vrae 12 en 13 blyk dit dat die jaarlikse skoolfondsomset groot bedrae moet behels om die skole suksesvol te bedryf. Uit vraag 14 word afgelei dat 'n hoof se finansiële bestuurstaak omvangryk is as in ag geneem word dat 77,7% van die skole se jaarlikse skoolfondsomset meer as R20 000,00 per jaar beloop (kyk vraag 14). Uit die vraelys blyk dit dat 11,1% van die skole 'n omset van meer as R60 000,00 het. Hierdie bedrae noodsaak noukeurige beplanning van die skoolfonds wat die insameling en die besteding betref. 'n Lukrake hantering van sulke groot rekeninge kan die begroting ondoelmatig maak. Hoewel 14,8% van die skole se skoolfondsomset relatief klein lyk, maak dit die finansiële bestuurstaak van die hoof in geen mate kleiner of minder beduidend nie, as in ag geneem word dat 18,5% van die skole 'n leerlingtal van tussen 51 en 100 het (kyk vraag 13).

'n Hoof se finansiële bestuurstaak, en in besonder die beplanning daarvan, word problematies wanneer dit gaan om fondse wat nie uit voorgeskrewe en dus voorspelbare bydraes verkry word nie.

Uit die gegewens wat uit vraag 15 verkry is, blyk dit dat ouers in die meeste gevalle gewillig is om 'n vrywillige bydrae wat meer as die vasgestelde maksimum van R4,00 per kind, te betaal. Die hoofde wat 'n vrywillige bydrae van tussen R21,00 en R50,00 per kind per jaar vra, beloop 62,9%, terwyl 25,9% van die hoofde aandui dat tussen 71% en 90% van die ouers die vrywillige bydrae betaal [kyk vraag 15 (b)]. Uit vraag 15(c) kan afgelei word dat dieselfde persentasie ouers ook die minimumbedrag van R4,00 per kind per jaar betaal.

As die gegewens uit vraag 16 (a) in verband gebring word met die van vraag 14, kan afgelei word dat die bydraes op vrywillige grondslag 'n klein deeltjie uitmaak van die totale omset van die skool. Waar 37% van die betrokke skole 'n omset van meer as R40 001,00 per jaar het (kyk

vraag 14), het 74% van die hoofde aangedui dat die vrywillige bydraes minder as R15 000 per jaar beloop wat deur die hoofde (100%) bereken word as ontoereikend, gemeet aan die eise wat aan die skoolfonds gestel word [kyk vraag 16 (b)]. Die gegewens uit vrae 14, 16(a) en 16 (b) is 'n aanduiding van die noodsaaklikheid van noukeurige finansiële beplanning.

As in ag geneem word dat 100% van die hoofde bereken dat hierdie vrywillige bydraes in slegs tussen 0 en 30% van die finansiële behoeftes voorsien (kyk vraag 17), dan word dit duidelik dat 'n hoof moet beplan om die uitstaande 70% wat nodig is om in die behoeftes te voorsien, te bekom. Dit is 'n belangrike taak wat op die skouers van die hoof rus om die leerlinge en ouers te motiveer om die vrywillige bydraes te betaal sodat dit as 'n belangrike basis kan dien vir die verdere insameling van die benodigde geld.

Wanneer die gegewens van vraag 18 in ag geneem word, blyk dit dat hoofde goed daarin slaag om die positiewe gesindheid van die ouergemeenskap te verkry, aangesien 96,3% van die hoofde aangedui het dat die gesindheid van die ouers goed en selfs baie goed is.

Uit vraag 19 word afgelei dat 85,2% van die hoofde aan elke ouer persoonlik, en 18,5% aan die betrokke leerling persoonlik, te kenne gee dat die bydraes nog uitstaande is. Dit beteken dat die dringende behoefte aan finansies daartoe lei dat hoofde in stryd met voorskrifte (TOD 1, 1978:262) die vrywillige bydrae omskep in 'n verpligting. Andersyds kan besluit word regulasies en voorskrifte m.b.t. vrywillige bydraes is 'n stremmende faktor t.o.v. fondsverkryging. Slegs 7.4% van die hoofde tree binne voorskrifte op, waarvolgens 'n algemene beroep deur middel van omsendbriewe aan die ouers en vermaninge aan al die leerlinge as aansporingsmiddele gebruik word.

Die finansiële beplanningstaak van 'n hoof word vergroot as die verpligte, voorspelbare, jaarlikse uitgawes in verhouding met die totale uitgawes van 'n skool (kyk vraag 20) gebring word. Daar is 85,2% van die hoofde wat bereken dat beoogde, ongereelde uitgawes ongeveer 80% van die skoolfonds se jaarlikse omset uitmaak. Terreinverbetering en ander projekte wat eenmalige uitgawes tot gevolg het, kan onder ongereelde uitgawes gereken word.

Samevattend by afdeling B

- * 'n Hoof se beplanningstaak ten opsigte van die skool se finansies is omvattend.

- * Die bydraes wat deur ouers betaal word, kan nie as voldoende beskou word om in 'n skool se behoeftes te voorsien nie.

- * Hoofde word gedwing om deeglik te beplan ten einde genoeg fondse te bekom om in al die skool se behoeftes te voorsien om werklike doeltreffende onderwys aan die leerlinge te voorsien en om aan die eise wat gestel word, te beantwoord.

5.3 Afdeling C - Opleiding in finansiële onderwysbestuur

Uit die reaksie op vraag 21 kan afgelei word dat die meerderheid van die hoofde (88,9%) die finansiële bestuurskennis wat deur hulle toegepas word, deur indiensopleiding verkry het. Slegs 7,4% het 'n kursus in bestuur by 'n buite-instansie gevolg (kyk vraag 22). Daar moet egter gemeld word dat die bestuurskursusse deur buite-instansies breed riglyne vir 'n skoolhoof kan neerlê, maar die praktiese implikasie is dat die bestuur van 'n skool uiteraard baie verskil van die bestuur van enige instansie buite die onderwys.

Die meerderheid hoofde (29,6%) was dit eens dat finansiële onderwysbestuur nie tot sy reg kom nie, selfs ook nie tydens indiensopleiding nie (kyk vraag 24).

Op vraag 25 het geen hoof eerste prioriteit aan finansiële bestuur as bestuurstaak gegee nie, terwyl 70,4% personeelbestuur as eerste prioriteit genoem het. Volgens rangorde het hoofde vyf genoemde bestuursareas soos volg gerangskik: personeelbestuur, klaskamer-, finansiële, en leerlingbestuur en dan bestuur van fisiese fasiliteite. Hieruit kan afgelei word dat hoofde steeds hoë prioriteit aan personeelbestuur gee aangesien 'n skool se onderwyspeil grootliks om die bekwaamheid van die personeel wentel. Die feit dat bestuur van fisiese fasiliteite so laag op die prioriteitslys geplaas is, kan daarop dui dat hoofde die feit uit die oog verloor dat fisiese fasiliteite grootliks gekoppel word aan beskikbaarheid van fondse.

Uit vraag 26 blyk dit dat 96,3% van die hoofde 'n kursus vir nuutaangestelde hoofde bygewoon het. Van die hoofde het 59,2% die kursus tussen 1982 en 1985 bygewoon (kyk vraag 27). Uit die kommentaar oor die plek wat finansiële bestuur ingeneem het (kyk vraag 28), het 85,2% aangedui dat dit 'n beduidende of selfs onbeduidende plek ingeneem het. Dan het 85,2% gesê dat opleiding in onderwysbestuur, waarvan finansiële bestuur 'n komponent moet wees, onontbeerlik vir skoolhoofde is (vraag 29). Die algemene gevoel (70,4%) was dat so 'n kursus so gou moontlik (binne drie maande) na die aanstelling as hoof, aangebied moet word (kyk vraag 30), en dat 'n indiensopleidingskursus deur die Onderwysdepartement verkieslik is bo 'n diplomakursus deur die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding (OKVO) of 'n akademiese kursus deur 'n universiteit.

Uit die reaksie op vrae 26 tot 31 kan afgelei word dat daar 'n behoefte by hoofde van primêre skole bestaan ten opsigte van opleiding in onderwysbestuur, waarvan finansiële bestuur 'n noodsaaklike komponent

moet uitmaak. Die oorwegende gevoel was dat te min leiding en opleiding aan onderwysers gegee word om die bestuurstake wat deur 'n hoof uitgevoer moet word, met vertroue te hanteer.

Samevattend by afdeling C

* Die afleidig kan gemaak word dat hoofde voel dat finansiële bestuur as bestuurstake van die hoof suksesvol uitgevoer kan word, alleenlik as 'n hoof pertinent daarin opgelei word.

* Tydens indiensopleiding word enkele bestuurstake gedelegeer en kan 'n hoof met die aanvaarding van die pos, dit hanteer.

5.4 Afdeling D - Die hoof se beplanningstaak ten opsigte van skoolfonds

Uit die onderhoude het dit geblyk dat die meerderheid van die hoofde (59,3%) self verantwoordelikheid aanvaar vir die opstel van die finansiële beleid. Volgens vraag 32 maak 33,3% van die hoofde gebruik van die skoolfondskomitee. Die voltooide beleid word dan in die meeste gevalle (55,6%) op 'n vergadering aan die personeel uiteengesit, terwyl 'n groot aantal hoofde (40,7%) die beleid skriftelik aan die personeel beskikbaar stel (kyk vraag 33). Dit dui op 'n sterk outokratiese inslag wat 'n skool se finansiële bestuur betref. Hoofde het klaarblyklik vaste, vooropgesette idees wat aan die personeel oorgedra word om nagevolg te word.

Waar die begroting beplan word (kyk vraag 34), word die kundigheid van die personeel erken (77,8%), en hulle kan van hulle kant en uit hulle vakkundigheid insette lewer op vergaderings (44,4%), deur middel van voorgeskrewe vorms (14,8%) of deur informele mededelings (40,7%). Baie skole se benadering ten opsigte van die begroting neig om op losse voet te staan as die groot persentasie hoofde wat van informele mededelings

gebruik maak, in ag geneem word (kyk vraag 35). Dit kan daartoe lei dat die begroting mank gaan aan stabiliteit, wat weer kan veroorsaak dat onbeplande insamelingsprojekte gerêl moet word, in welke geval 'n begroting slegs ter wille van voorskrifte voorgelê kan word. Die groot bedrae geld wat jaarliks deur 'n hoof hanteer word, noodsaak meer konkrete hantering, soos byvoorbeeld vergaderings of amptelike vorms van die skool wat aan die hoof 'n goeddeurdragte lys van behoeftes voorsien vir oorweging.

Verdere feite met betrekking tot die begroting wat aan die lig kom, is dat 55,6% van die hoofde die begroting opstel en die jaarprogram daarvolgens beplan (kyk vraag 36). Daar word dus eers vasgestel wat gedoen moet word. Die voordeel hiervan lê daarin dat 'n hoof uit sy begroting kan aflei hoeveel insamelingsgeleentheid geskep moet word om te beantwoord aan die finansiële eise van die skool. In die gevalle waar die jaarprogram eerste opgestel word (40,7%), kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die begroting by die insamelingsgeleentheid aangepas moet word. Dit weer het 'n remmende invloed op die skoolfondsbesteding. Slegs 3,7% van die hoofde stel die jaarprogram en begroting gelyktydig op. Die voordeel hiervan lê daarin dat 'n bepaalde behoefte in die finansiële program dadelik 'n plek vind in die jaarprogram. Enkele probleme kan egter met hierdie metode ondervind word, byvoorbeeld 'n jaarprogram kan of oorlaai of verskraal word. Die teendeel kan ook die geval wees, waar die finansiële begroting deur 'n jaarprogram der mate gereduseer word dat prioriteitsprojekte nie na behore geïmplementeer kan word nie.

Met die opstel van die begroting laat 85% van die hoofde ruimte vir onbeplande uitgawes, wat 'n nugterheid ten opsigte van onvoorsiene gebeurlikhede weerspieël. Enkele hoofde (14,8%) stel 'n rigiede begroting op wat geen ruimte laat vir onbeplande uitgawes nie (kyk vraag 37). Die gevaar hieraan verbonde is dat die begroting gevaar loop om deur onder andere prysstygings gekortwiek te word, sodat beplande

uitgawes nie nagekom kan word nie. In die gevalle waar wel voorsiening gemaak word vir onbeplande uitgawes, dui 66,7% van die hoofde aan dat 'n maksimumbedrag vir hierdie uitgawes vasgestel is. Dit bied dus aan die hoof die versekering dat sy skool wel onvoorsiene uitgawes kan ontmoet. 'n Riskante benadering word deur 18,5% van die hoofde gevolg wat onbeplande uitgawes nie deur 'n maksimumperk vasstel nie (kyk vraag 38). Dit kan daartoe lei dat onbeplande projekte die beplande projekte oorskadu, en selfs uitskakel. Hoofde wat wel beperkende bedrae vir onbeplande uitgawes vasgestel het, laat genoegsaam ruimte aan homself en sy personeel om nuwere tendense, wat na die opstel van die begroting na vore gekom het, te implementeer as dit tot voordeel van die kind kan wees. Van die hoofde laat 66,7% meer as 6% vir onbeplande uitgawes toe, terwyl 22,2% van die hoofde meer as 11% per jaar toelaat vir onbeplande uitgawes (kyk vraag 39).

Samevattend by afdeling D

* Die feit dat die meeste hoofde wat in die onderhoude betrek is, dit as hulle prerogatief beskou om die finansiële beleid op te stel, dui daarop dat hy as gevolg van probleme van die verlede wil poog om soortgelyke probleme uit te skakel, al word die personeel se demokratiese reg tot deelname genegeer. Die hoof is der mate in voeling met die finansiële komponent van bestuur, dat hy weet wat stremmend ingewerk het, en ook wat bevorderlik is vir 'n gladde finansiële program.

* Die deurgee van gegewens en verduideliking van die beleid tydens vergaderings bevorder eenvormige interpretasie en gee die personeel tog in 'n mate geleentheid om insette te lewer vir latere implementering. Die deelname van die personeel in die opstel van die begroting, waar die beleid en die praktyk

mekaar ontmoet, is veelseggend. Dit dui daarop dat die hoof die personeel se kundige oordeel erken, maar ook sy eie beperkinge besef.

* Wanneer die begroting en die jaarprogram teoreties teenoor mekaar gestel word, moet dit as 'n eenheidsaksie gesien word ter verwekking van 'n gestelde doel.

* 'n Begroting wat voorsiening maak vir onbeplande uitgawes, dui op 'n realistiese benadering tot die onderwyspraktyk wat in vele opsigte onvoorspelbaar kan wees. Ongelukkig is dit ook opmerklik dat sommige hoofde nie onvoorsiene behoeftes erken nie, en 'n onbuigsame finansiële beleid volg, wat ten nadele van die skool kan wees.

5.5. Afdeling E - Persone en instansies betrokke by die beplanning van skoolfonds

In hierdie afdeling van die vraelys is die vroe toespits op die betrokkenheid van die ouergemeenskap. Ook is gepoog om te bepaal in watter mate die hoofde van kundige persone gebruik maak in die beplanning van die skoolfonds.

Uit vraag 40 blyk dit dat die meerderheid van die hoofde kundige persone op die skoolfondskomitee het. In 40,7% van die gevalle is die lid van die bestuursraad wat op die skoolfondskomitee dien, finansiël onderlê, terwyl in 33,3% van die betrokke skole 'n lid van die personeel oor die beste finansiële agtergrond beskik. Dit is interessant dat geen addisionele lid wat op die komitee dien, finansiël onderlê is nie. Dit kan daarop dui dat hierdie lid die ouergemeenskap op die komitee verteenwoordig, slegs as verteenwoordiger in toesighoudende hoedanigheid, en nie met die finansiële beplanning as sodanig gemoeid is nie. 'n Moontlike gevolgtrekking wat gemaak kan word

uit vraag 40, is dat 25,9% van die hoofde te kenne gee dat daar nie een lid op die skoolfondskomitee dien wat oor finansiële kundigheid beskik nie. Uit vraag 14 is afgelei dat 77,7% van die skole wat by die ondersoek betrokke was, 'n skoolfondsomset van hoër as R15 000,00 per jaar het. Indien die afleiding uit vraag 40 korrek is, beteken dit dat naastenby 25% van die primêre skole se skoolfonds beplan word deur die komitee wat oor min of geen finansiële agtergrond beskik nie.

Die antwoorde op vraag 41 dui daarop dat hoofde m.b.t. die skoolfondskomitee binne die regulasie optree deur óf van twee lede uit die bestuursraad óf een uit die bestuursraad en een uit die ouergemeenskap, wat nie op die bestuursraad dien nie, gebruik te maak. Ouerverteenvoordiging op die komitee is dus volgens voorskrif.

Alhoewel soveel as 25,9% van die skoolfondskomitees nie oor genoegsame finansiële kundigheid beskik nie, en groot bedrae geld ter sprake is, maak slegs 3,7% van die hoofde gebruik van 'n finansiële kundige persoon van buite die ouergemeenskap om as finansiële raadgewer op te tree. Dit blyk dat daar 'n groot vertroue in die oordeel van die skoolfondskomitee gestel word in hierdie belangrike beplanningstaak (kyk vraag 42). Om dit te bevestig, dui 74,1% van die hoofde aan dat die rol van die skoolfondskomitee toesighoudend van aard is (kyk vraag 43). Net 22,2% sien die komitee se rol as voorskrywend. Die ouergemeenskap erken dus die hoof se professionele kundigheid en sy oordeel met betrekking tot die skool se behoeftes.

Die hoof en die bestuursraad word in 96,3% van die betrokke skole bygestaan deur 'n georganiseerde ouervereniging soos die Transvaalse Afrikaanse Oervereniging (TAOV) of die Oervereniging (OV) of albei, terwyl 3,7% geen georganiseerde ouerliggaam buiten die bestuursraad het nie (kyk vraag 44). Die insameling van fondse word deur die bestuursraad as verantwoordelikheid aanvaar en gedelegeer na die ouervereniging(s). In slegs 14,8% van die skole (vraag 4 & 5) het

genoemde verenigings inspraak ten opsigte van skoolfondsbeplanning. Dit bevestig die afleiding uit vraag 40 dat die addisionele lid slegs in toesighoudende hoedanigheid op die skoolfondskomitee dien.

Dat die beplanning van die skoolfonds hoë prioriteit geniet, blyk uit die feit dat 74,0% van die skole se skoolfondskomitees drie of meer kere per jaar vergader (kyk vraag 46). Dit dui daarop dat daar gereeld besin word oor die insameling en besteding van die skoolfonds sodat dit enersyds as gerusstelling vir die ouers kan dien dat daar op verantwoordelike wyse met die skoolfonds gewerk word, en andersyds, dat die skoolfondskomitee te alle tye op hoogte van die finansiële aktiwiteite is.

Hoofde laat ook nie na om aan ouers verslag te doen oor die stand van skoolfonds nie, en 85.1% van die hoofde doen halfjaarliks of jaarliks verslag aan die ouers (kyk vraag 47). Die hoof aanvaar verantwoordelikheid vir die hantering van die skoolfonds, en in 85,2% van die skole neem hy dit op sy skouers om self die ouers in te lig omtrent die stand van die skoolfonds en om hulle te positief te motiveer (kyk vraag 48).

In enkele gevalle (14,8%) word die lede (voorsitters) van die ouerverteenwoordigende liggame gebruik om die ouers te motiveer en in te lig. Die bestuursraad en ouervereniging is dus nie aktief betrokke by die deurgee van inligting nie, maar aanvaar die verantwoordelikheid vir die insameling van finansies. Omdat die hoof primêre seggenskap aanvaar vir die besteding van die skoolfonds, en verantwoordelik is om verslag te doen, gebruik hy die metodes wat hy die beste vind om die ouers te bereik. Daar is 51,9% van die hoofde wat 'n skriftelike verslag meer prakties en konkreet vind, hoewel 'n betekenisvolle persentasie (22,2%) mondelinge verslaggewing as voldoende beskou (kyk vraag 49).

Mondelinge verslaggewing bied die voordeel dat gesprekvoering kan plaasvind om moontlike onduidelikhede of probleme op te klaar, hoewel dit nie as inspraak in die finansiële beplanning beskou kan word nie, aangesien 81,5% van die hoede te kenne gee dat die ouers slegs deur ouerverteenwoordigende liggame inspraak in die finansiële beplanning het (kyk vraag 50). Hierdie afleiding is in stryd met die antwoorde in vrae 40 en 45, waarin te kenne gegee is dat die ouers in die meerderheid gevalle nie inspraak het in die finansiële beplanning van die skoolfonds nie.

Vraag 51 was daarop gemik om te bepaal hoe die hoofde hulle eie betrokkenheid in prioriteitsvolgorde sal plaas ten opsigte van die insameling van die skoolfonds. Die meerderheid hoofde het die volgende volgorde aangetoon:

* inisieerder - 59,6%

* beplanner - 37,0%

* motiveerder - 14,8%

* deelnemer - 63,0%

In enkele gevalle, veral by kleiner skole, het die hoofde die rol as deelnemer hoër gestel omdat hulle self as onderwyser by die insamelingsaksies betrokke is, maar dan ook as hoof die ander rolle vul. Hoofde van skole laat dus die insameling grootliks oor aan ander persone of instansies, terwyl hulle hulleself sien as eerstens inisieerders wat idees bekend maak, en van stapel stuur. 'n Interessante verskynsel is dat sommige hoofde hul rol as inisieerders ondergeskik stel aan beplanner of motiveerder, wat tot die gevolgtrekking kan lei dat die inisiëring oorgelaat word aan ander

persone of instansies.

Samevattend by afdeling E

* In die geheel gesien, beskik die skoolfondskomitee oor kundige persone om die finansies te beplan.

* Die komiteelede is verteenwoordigend van die ouergemeenskap.

* Die ouergemeenskap word op hoogte gehou van die finansiële sake van die skool.

* Die rol van die skoolfondskomitee is oorwegend toesighoudend, wat aan die ouers die gerusstelling gee dat wanbesteding van die skoolfonds uitgeskakel word.

* Die ouergemeenskap dra hulle deel by tot die insameling van skoolfonds en is dus aktief betrokke by die onderwys van die kind.

* Die hoof is grootliks die inisieerder van projekte, maar dra ook sy deel by om aktief betrokke te wees.

6 Ten besluite

Die voorafgaande hoofstuk is 'n bespreking van gegewens soos dit tydens onderhoude verkry is. Sekere afleiding is daaruit gemaak. In die volgende hoofstuk sal leemtes uitgewys word in die finansiële beplanning as bestuurstaak en aanbevelings sal gemaak word met betrekking tot finansiële onderwysbeplanning.